Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

# Provincial Gazette

8236

Friday, 8 May 2020

PROVINSIE WES-KAAP

# Provinsiale Koerant

8236

Vrydag, 8 Mei 2020

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

## CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)*

No. Page

**Tenders:**

Notices ........ 230

**Local Authorities**

Western Cape Gambling and Racing Board:
Receipt of Applications for the Procurement of a Financial Interest ........ 230

## INHOUD

*(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)*

Nr. Bladsy

**Tenders:**

Kennisgewings ........ 230

**Plaaslike Owerhede**

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne:
Ontvangs van Aansoeke vir die Verkryging van 'n Finansiële Belang ........ 230

## TENDERS

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

## NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES

WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD

**OFFICIAL NOTICE**

**RECEIPT OF APPLICATIONS FOR THE PROCUREMENT OF A FINANCIAL INTEREST**

IN TERMS OF THE PROVISIONS OF SECTIONS 58 AND 32 OF THE WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING ACT, 1996 (ACT 4 OF 1996) (''ACT''), AS AMENDED, THE WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD (''BOARD'') HEREBY GIVES NOTICE THAT AN APPLICATION FOR THE PROCUREMENT OF A FINANCIAL INTEREST OF 5% OR MORE IN A HOLDER OF A ROUTE OPERATOR LICENCE IN THE WESTERN CAPE, HAS BEEN RECEIVED

Sun Slots (RF) (Pty) Ltd (''Sun Slots'') entered into a share repurchase agreement with Grand Casino Investments (Pty) Ltd (''GCI''), a wholly-owned subsidiary of Grand Parade Investments Ltd (''GPI''), to repurchase the 30% financial interest held in Sun Slots by GCI. Sun International (South Africa) Limited, a wholly-owned subsidiary of Sun International Limited (''SIL'') holds the remaining 70% financial interest in Sun Slots.

SIL subsequently entered into a subscription agreement with Sun Slots to procure a 30% financial interest in Sun Slots. Through this procurement, SIL will have a 100% indirect financial interest in Grand Gaming Western Cape (RF) (Pty) Ltd (''Grand Gaming''), a licensed Route Operator in the Western Cape.

SIL has applied to the Board for consent to procure a 5% or more financial interest in Grand Gaming as required in terms of Section 58 of the Act.

Section 33 of the Act requires the Board to ask the public to submit comments and/or objections to gambling licence applications that are filed with the Board. The conduct of gambling operations is regulated in terms of both the Act and the National Gambling Act, 2004. This notice serves to notify members of the public that they may lodge objections and/or comments to the above application on or before the closing date at the below-mentioned address and contacts. Since licensed gambling constitutes a legitimate business operation, moral objections for or against gambling will not be considered by the Board. An objection that merely states that one is opposed to gambling without much substantiation will not be viewed with much favour. You are hereby encouraged to read the Act and learn more about the Board's powers and the matters pursuant to which objections may be lodged. These are outlined in Sections 28, 30, 31 and 35 of the Act. Members of the public can obtain a copy of the objections guidelines, which is an explanatory guide through the legal framework governing the lodgment of objections and the Board's adjudication procedures. The objections guidelines are accessible from the Board's website at **www.wcgrb.co.za** and copies can also be made available on request. The Board will consider all comments and objections lodged on or before the closing date during the adjudication of the application.

All comments and objections lodged must contain the name, address and contact number of the person objecting to the proposed application(s) or offering the comment and must state the grounds on which the objection and/or comment is based.

Comments and/or objections must be addressed to the **Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board** and must be e-mailed to **objections.licensing@wcgrb.co.za by no later than 16h00 on Monday, 1 June 2020.** Public inspection of the library copy of the application will have to be conducted electronically. Requests to view the application should be directed to **objections.licensing@wcgrb.co.za** or contact **Ms M. Basson on 082 744 4474** if no access to e-mail facilities are available.

8 May 2020 20164

## TENDERS

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

## KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE

WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

**AMPTELIKE KENNISGEWING**

**ONTVANGS VAN AANSOEKE VIR DIE VERKRYGING VAN 'N FINANSIËLE BELANG**

INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 58 EN 32 VAN DIE WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE,1996 (WET 4 VAN 1996) (''WET''), SOOS GEWYSIG, GEE DIE WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE (''DIE RAAD'') HIERMEE KENNIS DAT 'N AANSOEK VIR DIE VERKRYGING VAN 'N FINANSIëLE BELANG VAN VYF PERSENT OF MEER IN 'N ROETE-OPERATEURLISENSIEHOUERS IN DIE WES-KAAP ONTVANG IS.

Sun Slots (RF) Edms Bpk (''Sun Slots'') het 'n ooreenkoms met Grand Casino Investments Edms Bpk (''GCI''), 'n volfiliaal van Grand Parade Investments Bpk (''GPI''), aangegaan om die 30% finansiële belang wat GCI in Sun Slots besit, terug te koop. Sun International (South Africa) Bpk, 'n volfiliaal van Sun International Bpk (''SIL'') besit die restant finansiële belang van 70% in Sun Slots.

SIL het daaropvolgend 'n subskripsie ooreenkoms met Sun Slots aangegaan om 'n 30% finansiële belang in Sun Slots te verkry. Deur hierdie verkryging sal SIL 'n indirekte finansiële belang van 100% in Grand Gaming Western Cape (RF) Edms Bpk (''Grand Gaming''), 'n gelisensieërde Roete Operateur in die Wes-Kaap, besit.

SIL het in terme van artikel 58 van die Wet aansoek by die Raad gedoen vir goedkeuring om 'n 5% of meer finansiële belang in Grand Gaming te verkry.

Artikel 33 van die Wet bepaal dat die Raad die publiek moet vra om kommentaar te lewer op en/of besware aan te teken teen dobbellisensie-aansoeke wat by die Raad ingedien word. Dobbelwerksaamhede word kragtens die Wet sowel as die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 gereguleer. Hierdie kennisgewing dien om lede van die publiek in kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoeke. Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheids dedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant is sonder veel stawing sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in artikels 28, 30, 31 en 35 van die Wet uiteengesit. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking verduidelik van die regsraamwerk wat die indiening van besware, publieke verhore en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by **www.wcgrb.co.za** en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word.

In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word. Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word.

Kommentaar of besware moet gerig word aan die **Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne** en moet ge-epos word na **objections.licensing@wcgrb.co.za voor 16:00 op Maandag, 1 Junie 2020.** Publieke inspeksies van die geredigeerde weergawe van die aansoek sal elektronies moet geskied. Navrae om die aansoek te besigtig moet ge-epos word aan **objections.licensing@wcgrb.co.za** of kontak **Me M. Basson op 082 744 4474** indien daar nie toegang tot e-pos fasiliteite is nie.

8 Mei 2020 20164

*SOUTH AFRICA FIRST –*
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

*SUID-AFRIKA EERSTE –*
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

## The "Provincial Gazette" of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

***Subscription Rates***

R342,00 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R342,00 + postage per annum, Foreign Countries.

Selling price per copy over the counter R19,00

Selling price per copy through post R27,00

Subscriptions are payable in advance.

*Single copies* are obtainable at 16th Floor, Atterbury House, 9 Riebeek Street, Cape Town 8001.

***Advertisement Tariff***

First insertion, R49,00 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, PO Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.

## Die "Provinsiale Koerant" van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

***Tarief van Intekengelde***

R342,00 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R342,00 + posgeld per jaar, Buiteland.

Prys per eksemplaar oor die toonbank is R19,00

Prys per eksemplaar per pos is R27,00

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

*Individuele eksemplare* is verkrygbaar by 16de Vloer, Atterbury House, Riebeekstraat 9, Kaapstad 8001.

***Advertensietarief***

Eerste plasing, R49,00 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal voor 10:00 op die voorlaaste werksdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die vereiste datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.

Printed by CTP Printers Cape Town • (021) 929 6200